



Uitsaaines Kindertyd

Arme Blinkogies, die eekhorinkie

Lees met begrip. Luister na die storie van Blinkogies, die eekhorinkie en beantwoord dan die begripsvrae.



“Joe-hoegaail!” Dis darem lekker om te lewe as die sonnetjie jou so warm bak!: Blinkogies is ‘n eekhorinkie. Dit is hy wat so vrolik sê. Hy spring by sy huisie uit en hardloop teen die ou akkerboom se stam af tot onder op die grond. Eekhorinkies se huisies is mos in hol akkerboomstamme.

Blinkogies gryp ‘n akker tussen die droë blare uit. Van pure uitgelatenheid spring hy hoog in die lug op en slaan bollemakiesie. Dan spring hy weer om en hardloop teen die boom uit. Sy naels maak sommer so krrts-krrts teen die growwe stam. Bo in die boom spring hy van een tak na die ander. Hy is lekker laf! Op die grond sit Torrie Tortelduif en broodkrummels oppik. Woeps! Spring Blinkogies tot langs hom. Torrie wi; soos hy skrik en fladder eenkant toe.

“Ou Torrie,” skater Blinkogies, “kan jy nie sien nie, man” Dit is lente? Die lentesonnetjie het my vanmôre wakker gebak daar in my huisie. En kyk, die eerste groen blaartjies van die akkerboom het al begin uitloer!”

“My aardetjie, ja! Ek was so bly oor die lekker krummels hier onder die boom dat ek niks anders raakgesien het nie. Nee wag, nou moet ek eers my nooientjie roep. Ons moet gaan kyk of daar al bloeisels aan die perskeboom is. Dis tog nie lekker om alleen te wees as alles om jou so mooi is nie.”

Torrie gaan sit bo in die boom en koer en koer tot sy nooientjie antwoord. Hy vlieg na haar toe en vertel haar van die lente. Blinkogies glimlag hier onder op die grond. Die dag is nou nog mooier met Torrie en Koerie se koer-koer-geselsies.


Hy jaag sommer weer teen die boom uit en swaai van die dunste takkie bo in die boom oor na net so 'n duk takkie in die boom langs aan. Gelukkig is sy naels skerp en hy kan lekker gryp as hy so van die een boom na die ander spring.

Piet-my-vrou si nog en droom in die ander boom. Dis eintlik nog baie vroeg. Hy skrik wakker toe Blinkogies die tak onder hom laat swaai en moet sy vlerkies klap om sy balans te hou. "Toe nou, Blinkogies, man! Is jy nou mal om so vroeg in die môre al te lag en te swaai?" Hy is darem nie kwaad nie, want hy is lief vir die eekhorinkie. "Ek het jou mos lanklaas gesien!"

"Maar natuurlik, ou domkop! Ek slaap mos die hele winter deur. Maar die lentesonnetjie het my vanmôre wakker gemaak en dit lyk my ek is die eerste wat die lente raakgesien het."

"My tyd, ja! Net gister was dit nog koud, maar nou sien ek ook die doudruppels op die nuwe groen grassies. Verlede week het daar nog ryp gelê en die gras was vaal en droog. Hoera, nou kan ek die nuwe lenteliedjie sing wat ek die winter uitgedink het."

Piet-my-vrou haal diep asem en begin sing: Die klanke borrel en spring deur die oggenlug. Die laaste ent spring hy sommer tot op die grond. Sy ronde, bling ogies kyk rond of hy nie nog iemand sien vir wie hy van die lente kan vertel nie. Hy gaan klop aan die bynes: “Die blomme is oop! Kom haal vir julle nektar uit.”



Begripstoets

1. Van watter seisoen word in hierdie storie gepraat?

2. Watter soort voëltjie het onder die boom gesit en krummels eet?

3. Noem al die diere wat bewus geword het van die lente omdat Blinkogies so opgewonde was daaroor?

4. Wat het Piet-my-vrou wakker gemaak?

5. Hoekom het Piet-my-vrou vir Blinkogies so lanklaas gesien?

Ons storie vervolg:




Blinkogies roep die sonbesies om te kom sing in die lekker sonskyn. Hy tik teen die kokonne waarin die skoenlappers die hele winter al wegkruip. “Kom uit, julle laatslapers. Trek julle mooi bont rokkies vir die lente aan.” Hy sit ongeduldig en wag dat een vir een stram-stram by sy kokon uitkruip.

Hy buig die takkies weg sodat die nat vlerkies van die skoenlappers gouer kan droog word in die warm son. Eers as die skoenlappers met hul pragtige vlerkies in die blou lug wegvlieg, vry hy sy voorpootjies tevrede teen mekaar.




Nou is die lente aan die gang: die sonbesies sing so ssttiii - ssttiii..... in die bome en die son blink op hul ruggies. Die bye is druk besig om nektar te versamel en zoem-zoem by hom verby. Die blomme staan oopgesig vir die son en lag en die skoenlappers duik tussen hulle deur. Blinkogies wip op 'n klip om die lente-gedoente beter te kan sien. Toe eers besef hy die klip is jou waarlik waar Skilpad wat nog lê en slaap. Die ou slaapkous! Sy dop is ook so dik, hy sal nooit die son op hom voel skyn nie, dink Blinkogies. Ek sal hom moet wakker maak. Maar hoe?



Dan begin sy ogies skitter: hy het 'n goeie plan. Skilpad is mos baie kielierig op sy neus. Hy pluk 'n fyn grassie, spring weer op Skilpad se dop en loer aan die kant in. O nee, dit is die stertkant – hy sal anderkant moet probeer. Ja, hier hou Skilpad sy twee skurwe voorpote toegevou oor sy kop. As hy nou die grassie tussen die bene kan inkry..... so ja..... nou wikkel wikkel.

AAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAAA-TSJOE!

Skilpad ruk wakker van die nies. Hy ruk so dat Blinkogies van sy rug afval. Hy kry darem nie seer nie en skater van die lag. Maar Skilpad is smoorkwaad! Hy hou daarvan om vanself baie stadig wakker te word. As iemand hom skielik wakker maak, is hy sommer dadelik vies. En nou kom sukkel die simpel eekhoring nog met sy neus ook en hy nies reeds so maklik. Nors snork Skilpad en trek sy kop en voorpote in sy dop in. Hy loer tussen sy skurwe bene deur en wat tot die eekhoring effens ophou lag.



“As ek soos jy gelyk het, het ek gewens die lente met al sy mooiheid kom nooit. Kyk hoe lyk jou stert! Dit lyk of die miere daarin nes gemaak het toe jy geslaap het die winter.” Skilpad gee nog ‘n snork en trek sy kop weer terug. Hy is nog lus vir slaap.

Blinkogies sit doodstil. Hy het dit nie verwag nie. Al die ander diertjies hou op om hul lenteliedjies te sing en kom sit rondom Blinkogies. Stadig draai Blinkogies sy kop. Hy is bang om te kyk. Hy draai sy kop verder. Waar is sy stert? Die pragtige digte wolbos van ‘n stert wat hy so parmantig agter hom laat opwip as hy regop gaan sit om neute te eet! Hy moet sy kop omtrent halfpad omdraai voor hy dit sien: ‘n dun riempie van ‘n stert wat regop agter sy rug staan.

Hy gee net een snik. ‘n Groot traan loop oor sy wang en val ploems op die grond. Skaam roer Blinkogies die riempiestert. Hy skuif-skuit agtertoe totdat hy op die riempie sit. Niemand moet sy lelike stert sien nie. Die son skuif agter ‘n wolk in en skielik is die mooi lente vaal.

Die diertjies rondom hom sê niks. Die skoenlappertjies se vlerkies hang sommer. Blinkogies was so opgewek en vrolik dat niemand eens gesien het dat al sy sterthare af is nie. Almal het net gelag vir sy mannewales. Nou het Skilpad alles kom bederf. Blinkogies se oë is dof. Stadig draai hy om en sluip na sy boomhuisie. Hy hardloop nie teen die stam uit soos gewoonlik nie, nee, hy hang — hang so aan sy voorpote tot hy bo is. Toe hy in sy huisie is waar niemand hom kan sien nie, vou hy sy kop in sy voorpootjies en huil en huil en huil.

Buite hoor die ander diertjies die snikke. “Ons moet iets doen,” sê Piet-my-vrou. “Wat kan ons doen? Waar kan ons vir sy stert nuwe hare kry?” vra Koerie. “Waarvan kon al sy sterthare uitgeval het?” vra die sonbesies. “Toe ek eenmaal siek was, het van sy veertjies uitgeval. Maar toe ek beter word, was my eetlus so goed dat ek sommer baie geëet het en toe het my vere gou weer uitgegroeï en mooi gelyk,” sê Torrie.

Begripstoets

1. Hoe het Blinkogies die skoenlappers wakker gemaak?

2. Wat is 'n kokon?

3. Wat was die klip waarop Blinkogies gewip het?

4. Wat het Blinkogies gedoen om Skilpad wakker te maak?

5. Wat het Skilpad gedoen toe hy wakker geword het?

6. Wat was fout met Blinkogies se stert?

Blinkogies, die eekhoring.

“Haai, dalk was Blinkogies die winter siek dat ons dit nie geweet het nie. Hy klas mos nooit. En vanmôre was hy so bly oor die lente dat hy seker nooit daaraan gedink het om iemand te vedrtel nie,” sê ‘n bytjie.

“Jy sê kos het jou gou weer reggekry? Dan moet ons dadelik almal vir Blinkogies begin kos aandra. Lente sal mos nie lente wees as die lawwe eekhorinkie heeldag in sy huisie sit en huil nie.” Veldmuisie begin sommer dadelik rondskarrel tussen die blare op soek na ‘n akker vir Blinkogies. Al Blinkogies se maats draf of vlieg of wip weg om vir hom kos te gaan soek.

Stadig loer Skilpad onder sy dop uit. Hy voel nou baie sleg dat hy so nors was en so lelik met Blinkogies gepraat het. Hy sal ook help kos aandra. Hy weet van watter neute Blinkogies hou, want die eekhorinkie het al dikwels op sy rug gesit en neute eet.

Onder die boom waar Blinkogies bly, hoop die kos op. Die groter diertjies bring vrugtepitte en neute, die kleintjies broodkrummels en

die bye smeer heuning, daaraan af. Selfs Skilpad help en die ander weet nou hy is jammer oor sy woorde. Toe daar sommer 'n groot hoop kos onder die boom lê, gaan Torrie en sy nooientjie, Koerie, by Blinkogies se huisie in om te hoor of hy dalk siek was die winter.

“Ja,” sê Blinkogies. “Dit is seker hoekom ek vanmôre eerste die lente gesien het. Toe ek my ogies oopmaak en voel ek is beter, was ek so bly dat ek by my huisie uitgespring het. Toe knik die son vir my en ek weet dit is lente. Ek was so bly dat ek sommer van my siekte vergeet het.”

“Nou maar al raad is dat jy baie gesonde kos moet eet om weer sterk te word. Sies tog, kyk hoe maer is jy. Sodra jy mooi blink en vet is, sal jou sterthare uitkom en jy sal weer net so 'n pragtige stert hê. Ons het vir jou kos bymekaar gemaak, kom!”

Torrie wip uit by die deurtjie met Koerie agterna. Blinkogies loer eers uit. Sê nou iemand lag vir hom? Maar almal by die hoop kos sit net vriendelik na hom en opkyk. Hy sien ook vir Skilpad waar hy nou stadig aan die kom is met van sy geliefkoosde neute in die bek. Nou voel hy eers hoe honger hy is. Sy maag gor behoorlik. Woeps, spring hy uit en hardloop teen die boomstam af.

Toe hy op die grond kom, sit Skilpad die neute voor hom neer en sê skaam: “Ek was 'n nare skilpad om so lelik met jou te praat. Ek is so

jammer.....” Skilpad is eintlik vaal van die jammerte. “Ag, dis niks, jong!” Ek sal jou ook nie weer kielie om jou wakker te kry nie — ek moes geweet het dat so ‘n rustige kêrel soos jy nie daarvan sal hou nie.” Om te wys hy is nie kwaad nie, vat Blinkogies ‘n neut tussen sy voorpote vas en wip al kouende oop Skilpad se dop soos hy altyd gemaak het.

Met sy maag vol, voel Blinkogies sommer dadelik beter. Hy verbeel hom ky kan al voel hoe die kos krag in sy stert opstoor om die hare weer te laat groei.

Elke dag help die ander diere vir Blinkogies kos soek en hy eet tog te lekker. Elke dag kyk hy of sy sterthare al weer uitkom. Een oggend toe sy sy oë oopmaak, sien hy dat sy stert sowaar oordek is met ‘n digte lagie fyn, kort haartjies. Geleidelik word die hare langer en toe die klein akkertjies van die akkerboom begin uitswel, maak sy stert weer ‘n pragtige pluim agter sy rug.

Daardie einste dag toe Blinkogies weer sy stert kon sien deur sy kop net so effentjie te draai, nooi hy al sy vriende uit en daar is omtrent fees gevier.

Begripstoets

I. Wat het gebeur dat al Blinkogies se sterthare uitgeval het?

2. Wie het almal gehelp om kos vir Blinkogies te soek?

3. Wat het skilpad gedoen om te wys dat hy jammer is vir sy nors optrede?

4. Wat het Blinkogies gedoen om te wys dat hy nie kwaad vir Skilpad is nie?

5. Wanneer kon Blinkogies sy stert sien deur net sy kop so effens te draai?
